

5. Woordeskat

5.1 Herkoms van die Afrikaanse woordeskat

5.1.1 Erfgoed

Afrikaans het ontwikkel uit die Nederlands van die sewentiende eeu.

5.1.2 Leengoed

Uit al die nuwe en vreemde tale waarmee ons voorouers in aanraking was, het ons heelwat woorde en uitdrukkinge oorgeneem of geleen. Baie leenwoorde is al oud in Afrikaans, maar ons leen vandag nog uit verskillende tale. Wanneer volke met mekaar kontak maak, is dit onvermydelik dat woorde onderling uitgeruil word. Saam met 'n volk gaan sy hele kultuur, en vir elke saak wat deel is van sy kultuur, is daar 'n bruikbare woord. As ons met 'n vreemde volk kontak maak, kry ons te doen met reeds bruikbare woorde vir dinge wat vir ons vreemd is. Dit is vir ons makliker om die woord saam met die saak oor te neem, veel makliker as om eers 'n eie woord te gaan uitdink.

Ontlening kom in alle tale voor en is 'n manier waarop die woordeskat uitgebrei word. Uit die aard van die volksplanting aan die Kaap was dit onvermydelik dat die koloniste met baie tale in aanraking sou kom. Die Kaap was geleë op 'n belangrike seeroete en daar het baie mense by die hawe aangedoen wat 'n verskeidenheid tale gepraat het. Later, toe die bewoners van die Kaap al hoe meer die binneland inbeweeg het, het hulle met die inheemse tale van Afrika in aanraking gekom. Nog later was daar die wêreldtaal Engels. Uit al hierdie tale het Afrikaans woorde en uitdrukkinge geleen:

5.1.2.1 Maleis en Portugees

In die volgende stukkie kom daar woorde voor wat Afrikaans aan Maleis en Portugees ontleen het.

Die aia pas die kinders op. Sy kan ook kos maak, soos vleis met blatjang, bobotie met borrie, tasal en bredie. Partykeer sit sy onder 'n sambreel naby die kraal. Daar is 'n kiepersol en die kapaters wei teen die rand. Hulle vang soms vis en dan bring hulle vir die aia halfkoord. Dit is tamaai lekker. Sy dra 'n tjalie as dit koud is en speel ghommaliédjies op die ramkie. Sy is bang vir paljas, maar is baie oorlams in die huis. Aia het ons leer tjoema speel. Haar seun was al in die tronk, maar maskie hy was stout! Sy bring vir die nôi dikwels 'n piering met 'n katjiepiering uit haar tuin. Haar kussings is met kapok gestop. Dis baie leersaam om na aia Katryn se stories te luister.

Nog voorbeelde is: baie doepa kierang baadjie samosa daltjie sosatie kramat tiekie panga pondok atjar bottel baljaar amper paai maai laai spens.

5.1.2.2 Hottentots

Aan Hottentots het Afrikaans 'n hele aantal woorde ontleen, dikwels plant- en diername. Voorbeelde is: boegoe, dagga, kambro, karee, koekmakranka, kwagga, oorbietjie (oribi), karos, kerie, abba, gogga, arrie, aitsa, geitjie, hoeka, kerie, sies, Karoo, Gamka, Namakwa, Gariiep.

5.1.2.3 Bantoetale

Daar is verskillende Bantoetale in Suid-Afrika. Uit die meeste daarvan het Afrikaans woorde geleen en tot sy eie gemaak.

Voorbeelde: toi-toi indoena mopanie donga impala lobôla indaba skokiaan Xhosa Zoeloe Venda Sotho Gauteng KwaZulu Egoli

5.1.2.4 Frans

Appelkoos restaurant vernis entrepreneur kamoeflage astant rantsoen
koerant affêre tante

5.1.2.5 Duits

swernoot laer werda kamaste aandag niksnuts vervlaks werskaf bolmakiesie skelm swaap dan (en wan)

5.1.2.6 Engels

Die tale wat ons tot dusver genoem het, het op die ou end nie so 'n baie groot invloed op die Afrikaanse woordeskat uitgeoefen nie. Ons woordeskat is wel deur die ontleding verryk. Hierdie tale het die bestaan en ontwikkeling van Afrikaans nooit in gevaar gestel nie. Dit is egter anders gesteld met Engels. Uit die geskiedenis leer ons dat een taal baie woorde en uitdrukkinge van 'n ander taal of tale kan oorneem. Sodra so 'n taal egter sy kultuur bedreig, verset hy hom teen die invloed van so 'n sterker taal. Dit was ook die geval met Afrikaans ten opsigte van Engels. Engels was en is nog altyd 'n groot en magtige wêreldtaal. Daarby het Engels vir 'n lang tydperk 'n oorheersende rol in ons geskiedenis gespeel. Afrikaans het hom darem nog altyd gehandhaaf teenoor Engels, hoewel dit nie altyd maklik gegaan het nie. Ook vandag nog moet ons bewus wees van die invloed van Engels. Die beste manier om Afrikaans te handhaaf, is om Engels goed te leer ken, sodat ons weet waar dié taal beïnvloed of kan beïnvloed. Ook moet ons natuurlik ons eie taal baie goed leer ken en gebruik, sodat ons kan weet of ons self die middele het om te sê wat ons wil sê.

Ons vind heelwat leenwoorde uit Engels. Dit is woorde wat ons aan Engels ontleen het, gewoonlik omdat daar nie Afrikaanse ekwivalente was vir dinge wat deur die Engelse woorde benoem is nie.

Voorbeelde: speaker whisky snob gentlemen trustee empire tennis rugby

Vergelyk ook:

Speaker	parlement
serjeant-at-arms	jurie

koukus

polisieman

Hierdie woorde kom voor in die sfeer van die regerings- en owerheidstaalgebruik. Ons het ook op ander gebiede woorde aan Engels ontleen, byvoorbeeld:

- Openbare dienste: (poswese, spoorweë, vervoer):

posorder	telefoon	platform
enjin	trok	telegram
motor(kar)	posmeester	lorrie
toneel	petrol	poskantoor
trem	lokomotief	bakkie

- Nuwe produkte en artikels:

ghries	belt
kondensmelk	rofkas
skirt	

- Sport: voetbal, rugby, krieket, gholf, hokkie

- Speletjies: aspaai, kieps, malies

- Basterwoorde: Basterwoorde is leenwoorde wat 'n bepaalde vormverandering ondergaan het om by die nuwe taal se sisteem aan te pas. Die grens is nie altyd skerp te trek tussen 'n leenwoord en 'n basterwoord nie. Sommige van die woorde hierbo is eintlik basterwoorde: rofkas (rough-cast), aspaai (I spy), malies (marbles), ensovoorts.

Daar was vroeër heelwat sulke basterwoorde in Afrikaans wat later verdwyn het:

juts (judge)
koort (court)
detektief (detective)
empaaier (empire)
stemp (stamp)
dikkens (diggings)

Barbarismes: 'n Barbarisme is 'n klakkelose oornaming uit 'n ander taal. Waar Afrikaans barbarismes uit Engels oorgeneem het, noem ons dit anglisismes.

- Anglisistiese spelling en skryfwyse: Hier kry ons dikwels slordigheid omdat die Engelse model nagevolg word, sonder om eers vas te stel wat die Afrikaanse spelling- of skryftradisie is. Daarvoor moet ons altyd eers die Afrikaanse woordelys en spelreëls raadpleeg. Daar word veral baie gesondig by die skryf van eiename en plekname. By eiename word die hoofletter dikwels verkeerd gebruik, terwyl die Engelse vorm van 'n pleknaam dikwels oorgeneem word.

'n Anglisisme is 'n woord of verskynsel in 'n taal wat, hoewel dit inheems lyk, 'n Engelse model navolg en in stryd is met die aard of idioom van die taal. Omdat Afrikaans en Engels lank die amptelike tale van Suid-Afrika was, en daar noue skakeling tussen die twee tale was, is Afrikaans in die verlede en vandag nog steeds baie beïnvloed deur Engels. So het Engels ons woordeskat verryk. As 'n taal by 'n ander taal leen, beteken dit nie dat die taal minderwaardig is nie. So het ook Engels baie woorde by Afrikaans geleen, byvoorbeeld: boerewors, trek, apartheid. Afrikaans is vandag 'n vaktaal, ver-

slagtaal, navorsingstaal en onderwystaal. Omdat die twee tale naas mekaar leef, is dit logies dat hulle op mekaar aangewys sal wees. Onderwysers moet nie te kras wees oor Anglisismes nie, omdat baie uitdrukkinge gevestig is. Dit mag daartoe lei dat leerders onseker en gespanne raak as hulle Afrikaans moet praat. 'n Positiewe benadering word dus verwelkom.

- Eiename: In Afrikaans word die titel of aanspreekvorm van 'n persoon binne 'n sin nie met 'n hoofletter geskrywe nie. Vergelyk:

Afrikaans

Hulle het president Ford ontmoet.
 Hulle ken mnr. Pienaar.
 Hy is my oom Jan.
 Daar loop dokter Theron.
 Ons ken professor Beattie

Engels

They met President Ford.
 They know Mr. Pienaar.
 He is my Uncle John.
 That is Doctor Theron
 We know Professor Beattie

Die gebruik van die hoofletter by vanne wat lede het soos de, du, la, le, ens. verskil in Afrikaans van die gebruik in Engels. (In Engels word dit altyd met 'n kleinletter geskryf.) In Afrikaans word dit met 'n hoofletter geskryf, behalwe as die voorletter of voorname die van voorafgaan:

Afrikaans

Dit is Piet de Wet
 Hy is mnr. De Wet
 Ons ken vir La Grange
 Die digter N.P. van Wyk Louw is ook bekend as Van Wyk Louw
 Generaal De la Rey.

Engels

This is Piet de Wet
 He is Mr. de Wet
 We know la Grange
 The poet N.P. van Wyk Louw is also known as van Wyk Louw
 General de la Rey

- Plekname: Ons tref die anglisistiese vorm van plekname baie in byvoorbeeld nuusblaai aan. Hier moet ons altyd die Afrikaanse vorm gebruik.

Afrikaans

Aken
 Antwerpen
 die Asore
 Beaufort-Wes
 Berlyn
 Bombaai
 Brussel
 Kantelberg
 Keulen
 Duinkerken
 Edinburg
 Genua
 Gent
 Leiden
 Lissabon
 Londen
 Leuven

Engels

Aix-la-Chapelle
 Antwerp
 the Azores
 Beaufort west
 Berlin
 Bombay
 Brussels
 Canterbury
 Cologne
 Dunkirk
 Edinburgh
 Genoa
 Ghent
 Leyden
 Lisbon
 London
 Louvain

Maas
Parys
Pole
Wallis

Meuse
Paris
Poland
Wales

- Klassieke name: Baie eiename uit die klassieke oudheid word ook in Afrikaans na die Engelse model geskryf, terwyl daar ekwivalente in ons taal bestaan:

Afrikaans

Aristoteles
Euklides
Homerus
Ovideus
Vergilius
Odusseia
Ilias

Engels

Aristotle
Euclid
Homer
Ovid
Vergil
Odyssee
Iliad

Engels

absolute
abstract
alphabet
bayonet
bioscope
contact
despot
dialogue
diplomat
elegy
feminist
moderator
microscope
pacifist
politics
protectorate
protocol
radiogram
Renaissance
tableau
telegram

Verkeerde Afr. uitspraak

ab'soluut
ab'strak
al'fabet
ba'jonet
bi'oskoop
kon'tak
de'spoot
di'aloog
di'plomaat
el'legie
fem'inis
mod'derator
mi'kroskoop
pa'sifis
pol'lities
protek'toraat
pro'tokol
ra'diogram
Re'naissance
ta'blou
tel'legram

Korrekte Afr. uitspraak

absoluut'
abstrak'
alfabet'
bajonet'
bioskoop'
kontak'
despoot'
dialoog'
diplomaat'
elegie'
feminis'
modera'tor
mikroskoop'
pasifis'
politiek'
protektoraat'
protokol'
radiogram'
Renaissance'
tablo'
telegram'

- Uitdrukkings

Verkeerde Afrikaans

'n Soekparty is uitgestuur berg toe.
Die wolgroeierverseniging is bekend.
Wat is die goed daarvan?

Korrekte Afrikaans

'n Soekgeselskap is uitgestuur berg toe.
Die wolkwekersvereniging is bekend.
Wat baat dit? Wat is die nut daarvan?

Sy rughandhoue is onspeelbaar.
Die speler is vandag af.
Die saal was gepak.
Die winkelvoorrade is laag.
Die man is vandag af siek.
Jou berekening was uit.
Ek is heeltemal oop vir oortuiging.
Die onderwerp is nou oop vir bespreking.
'n Verhoging in die pryse is aangekondig.
Apart van hierdie flater was alles goed.
Hy is siek met longontsteking.
Daar bestaan 'n behoefte vir 'n vakman.
Verdeel die vrugte tussen die kinders.
Hy sou gekom het, maar het uitgedraai.
Waarvoor neem jy my?
Die uittreksel lees...
Maak 'n voorbeeld van hom.
Die regter het hom skuldig gevind.
Die pen kom handig in.
Hy oordoen sy sport.
Hy het sy pad in die veld verloor.
Moenie jou bure teen mekaar afspeel nie.
Hy rol in sy geld.
Waar ontmoet ons komitee môre?
"Ontmoet my vriendin."
Het julle twee al ontmoet?
Hou die dag vir ons piekniek.
Die bouer het 'n pragtige gebou opgesit.
Die speler het 'n goeie vertoning
Neem dit van my.
Ek het geen sê in die saak nie.
Die uitsaaistasie is op die lug.
Hy het soort van kwaad geword.
Hy sal ver gaan.
Vir al wat ek omgee, kan jy nou gaan.
Hy was ons kaptein en as sulks nie 'n sukses nie.
Dit is egter alles die beste.
Hy is uit en uit 'n knap leerling.
'n Mens moet die lyn êrens trek.
Hy trek my been.

Sy handrughoue is onspeelbaar.
Die speler is vandag van stryk af.
Die saal was stampvol.
Die winkelvoorrade raak op.
Die man is vandag afwesig weens siekte.
Jou berekening was foutief.
Ek is heeltemal vatbaar vir oortuiging.
Die onderwerp word nou aan die orde gestel.
'n Verhoging van die pryse is aangekondig.

Afgesien hiervan was alles goed.

Hy is siek aan longontsteking
Daar bestaan 'n behoefte aan 'n vakman

Verdeel die vrugte onder die kinders.

Hy sou gekom het, maar het kop uitgetrek

Waarvoor sien jy my aan?

Die uittreksel lui...

Stel hom tot 'n voorbeeld.

Die regter het hom skuldig bevind.

Die pen kom goed te pas.

Hy oordry(f)we sy sport.

Hy het in die veld verdwaal.

Moenie jou bure teen mekaar opstook nie.

Hy swem in sy geld.

Waar vergader ons komitee môre?

"Laat ek jou aan my vriendin voorstel."

Het julle twee mekaar al ontmoet?

Hou die dag vir ons piekniek oop.

Die bouer het 'n pragtige gebou opgerig.

Die speler het goed vertoon.

Glo my.

Ek het geen seggenskap in die saak nie.

Hulle saai nou uit.

Hy het half en half kwaad geword.

Hy sal dit ver bring.

Wat my betref, kan jy nou gaan.

Hy was ons kaptein en as sodanig het hy nie groot sukses behaal nie.

Dit is na alles (per slot van rekening) beter so.

Hy is deur en deur 'n knap leerling.

'n Mens moet die perke êrens stel.

Hy hou my vir die gek.

Dit sal nie die pot laat kook nie.
 Jy moet jou sokkies optrek.
 Het jy die tyd op jou?
 Hy gaan van sy kop af.
 Hy laat die kat uit die sak.
 Hul lewe van die hand tot die mond.
 Hy betaal deur sy neus vir die ou motor.
 Hy lag in sy mou.
 Hy vrywe dit nou vir my in.

Dit sal nie die skoorsteen laat rook nie.
 Ruk jou reg.
 Hoe laat is dit?
 Hy raak van sy verstand (kop) af.
 Hy laat die aap uit die mou.
 Hul lewe van die hand in die tand.
 Hy betaal deur sy nek vir die ou motor.
 Hy lag in sy vuis.
 Hy vrywe dit nou onder my neus.

5.1.3 Eiegoed

Afrikaans is 'n lewende en lewenskrachtige taal en alhoewel ons woordeskat baie ryk is aan erfgoed en leengoed, lê sy grootste rykdom in die eiegoed wat reeds oor 'n tydperk van baie jare geskep is. Hierby kom die verskynsel dat daar sekere middele in die taal werkzaam is waarmee ons ons woordeskat daagliks kan uitbrei.

5.1.3.1 Betekenisverandering

Woorde wat 'n betekenisverandering ondergaan het, kan ons beskou as die eerste eiegoed. Hulle vorm eintlik 'n skakel tussen erfgoed en eiegoed. Ons kan die volgende indeling maak:

- Daar is 'n groot hoeveelheid tipies Afrikaanse plantname:

katstert	gousblom	afrikaner	botterblom
varkoor	hottentotsvy	assegaaiahout	doringboom
bobbejaankers	smalblaar	kreupelhout	raasblaar
wag-'n-bietjie	haak-en-steek	wildevy	

- Daar is ook diername soos die volgende:

hottentotsgot	klipspringer	duiker	bontebok	sekretarisvoël
grysbok	geelbekeend	neushoringvoël	aasvoël	blesbok
slangvreter	bosduif	vlakhaas	kolhaas	bokmakierie
jangroentjie	kalkoentjie	piet-my-vrou	rooibok	klipkous

- Die boerdery: In die verskillende afdelings van die boerdery word daar baie woorde gebruik wat hier te lande ontstaan het, byvoorbeeld:

bloukopsiekte	bloutong	brandsiekte	malkopsiekte	rooiwater
stompoor	swaelstert	winkelhaak	jukskeikerf	veekraal
vangstok	slagding	dop	voorbrand	trapbalie
parstyd	kniehalterspan	wanvloer	wendam	leidam
ploegvoor	wenakker	bank	perskebrandewyn	

- Jag en veldlewe: Op jag en in die veld het die Afrikaner ook baie nuwe dinge teëgekomm waaraan hy name moes gee. Ons het reeds 'n aantal plant-en diername opgenoem. Verdere voorbeelde:

bobbejaanbout	doppiesgeweer	olifantroer	agterlaaiier	voorlaaiier
sanna	donshael	padkos	lêplek	agterryer
loodpункoeël	vanggat	biltong	doodskoot	kopskoot
hartbeeshuise	peperkorrel	stertriem	skildvel	kafferkraal
kafferbier	baas	nôï (nooi)	stormjaer	maagbom
klinker	poffertjie	vetkoek	roosterkoek	askoek

- Huis- en gesinslewe: Hier het ook baie woorde ontstaan:

kleivoer	misvloer	perskepitvloer	stoepkamer	voorhuis
mielieblaarmatras	buitegebou	houtkatel	verekombers	tuishuis
kombuiskas	spensrak	mosbeskuit	pampoenkoek	potbrood
kluitjies	moskonfyt	skoolskoën	stampmielies	velbroek
nierknyper	velskoën	tregterbroek	plantjiesuurdeeg	

5.1.3.2 Woordvorming

Ons tref in ons taal 'n groot aantal middele aan waarmee ons steeds nuwe woorde kan vorm. Belangrike middele is onder meer:

- Afleiding: Deur middel van afleidings word daar baie nuwe woorde gevorm

Hier gee ons slegs 'n aantal voorbeelde van afleiding met behulp van die genoemde voor- en agtervoegsels:

-aar:	afluisteraar, bedienaar, bevorderaar
-aarts:	aartsbedrieër, aartsleuenaar, aartsdom, aartsskelm
-agtig:	klipagtig, kransagtig, kraalagtig
anti-:	anti-alles, anti-party, anti-demokraties
-baar:	aankoopbaar, aflewerbaar
be-:	bestippel, beverf
-dom:	Afrikanerdom
-eer:	stileer, harmonieer
-ees:	Chinees, Ghanees, Kanadees
-erd:	dikkerd, dommerd
-erig:	dooierig, groenerig, afknouerig
-ery:	trekkery, jaery, werkery
ge-:	gesukkelry, getoetsery
-gewyse:	stapsgewyse, deelsgewyse
her-:	herbebos, herbesproei, heraansluit
-ier:	bankier, rentenier
-ig:	huldig, pynig, afkomstig
-igheid:	benoudigheid, dommigheid
-ing:	afluistering, keuring
-isme:	barbarisme, anglisisme, germanisme
-liks:	daagliks, jaarliks
-ling:	eersteling, dopeling, liefeling
mis-:	misloop, miskyk, mishandel
on-:	onguns, onmenslik, onding
ont-:	ontbas, ontvet

-saam:	spraaksaam, mededeelsaam
-sel:	baksel, streepsel
-skap:	partyskap, broederskap
-te:	armte, begeerte, aanklagte
ver-:	verwesters, verbeter, versmelt

b. Samestelling: Ook samestelling is 'n baie algemene manier van woordvorming.

Enkele voorbeelde:

domastrant	uitdun	hoenderkop	lekkerlyf
knipmes	soutsak	brandmerk	plasreën
beessuipgangetjie	donkeraand	blouwildebees	groenoognooi
beesboerorganisasie	buitekerk	agdaereën	gaanslaapyd

Ons kry dikwels ook herhalingsamestellings:

klompies-klompies	bok-bok	malkop-malkop	stap-stap
kap-kap			

c. Samestellende afleiding: Met hierdie verbinding tussen 'n samestelling en 'n afleiding word daar ook baie woorde gevorm. 'n Paar voorbeelde:

loslippig	stadigspelery	hardnekkig
onderhorig	rondborstig	

Daar is egter ook nog ander maniere waarop Afrikaans se woordeskat uitgebrei kan word. Hierdie woordeskatuitbreiding word TAALVERSKYNSELS genoem. Hieronder volg enkele van hierdie Taalverskynsels:

d. Analogie

Dit wil sê "die mag van die voorbeeld", is verantwoordelik vir die vorming van talle woorde in Afrikaans. Veral ten opsigte van samestellings (vergelyk doodlekker, doodnugter, doodswak, ens. wat waarskynlik na aanleiding van doodbang gevorm is) en die fleksievorme (vergelyk verkleiningsvorme soos slapies, warmpies, liefies; en meervoudsvorme soos sentrums/sentra, historikusse/historici, hotels/hotelle) laat analogie sy invloed geld.

Wanneer analogie foutiewe taalkonstruksies tot gevolg het, staan dit as valse analogie bekend. Voorbeelde: jaste in plaas van jasse na die analogie van kas/kaste; meerder in plaas van meer na die analogie van maerder; tussenpouses in plaas van tussenpose na die analogie van pouses.

Nog voorbeelde:

- Na die analogie van eetkamer is gevorm sitkamer, slaapkamer, studeerkamer, ensovoorts; e-pos het gelei tot e-kursus, e-universiteit, e-studies. World-WideWeb het gelei tot webkyker, webblad en webtuiste.
- Bestaande woorde kan ook ontwikkel tot nuwe affikse: doodmoeg, stokoud, pikswart, sportman, beddegoed.
- Kindertaal: baieder, beterder, geis, gehet

- Ander:
 - el: is 'n verkleiningsvorm, soos druppel, maar na analogie > druppeltjie
 - gram: na analogie van telegram, soos fonogram, straalgram, radiogram
 - aar: agteraan 'n woord wat eindig op -en-, vorm 'n nuwe postmorfeem, naamlik:
 - enaar: kunstenaar, kluisenaar
 - er: kind(er)s, kalwer(s), eier(s), hoender(s) klippertjies, maters
- Uit woorde soos offisier en barbier word analogiese vorms verkry wat na dié voorbeelde gevorm word: herbergier, winkelier, tuinier.

Analogie as skeppende mag:

Na die voorbeeld word die volgende woorde geskep:

drenkeling	suigeling, banneling, hemeling
bosbok	steenbok, rietbok, waterbok
bosbok	bosvark, bosaap
onsimpatiek	onmoontlik, onwetenskaplik, onpadwaardig

Analogie as wysigende mag:

Na die voorbeeld word verkeerdelik woorde gevorm:

drifte	jaste, daste
geloop	geonthou, geherken, gebegin, geontvang

Hierdie woorde is verkeerd en moet vermy word.

e. Kontaminasie

Kontaminasie of taalbesmetting is die vermenging van twee woorde of uitdrukkings met naastenby dieselfde betekenis. Omdat dié woorde of uitdrukkings gelyktydig in 'n persoon se gedagtes opkom, gebruik hy 'n mengsel van die twee.

Versmeltingsvorme soos die volgende behoort uit die taal geweerd te word: doodsmoor (doodmaak + versmoor)

in pleks van (in plaas van + in plek van)

van voornemens (van plan + voornemens)

skokwekkend (skokkend + skrikwekkend)

verassureer (verseker + assureer)

Die volgende kontaminasievorme is reeds sodanig ingeburger in die taal dat hulle aanvaarbaar geword het:

per ongeluk (per abuis + by ongeluk)

verrinneweer (verniel + ruïneer)

koggelmander (koggelman + salamander)

Kontaminasie geld ook vir bepaalde vaste uitdrukkings. Vergelyk die indeling hieronder.

- Woorde. Hieronder volg 'n lys woorde wat as kontaminasievorme ontstaan het uit die vorme wat aangedui word:

aanbetref:	aangaande, betref
laterhand:	lateraan, naderhand

afgruwelik:	afgrylik, gruwelik
stadighand:	stadig, naderhand
verekskuseer:	verontskuldig, ekskuseer
veramuseer:	vermaak, amuseer
omslommering:	omslagtigheid, beslommernis
ondeugniet:	deugniet, ondeug
aanpresenteer:	aanbied, presenteer
aanspraak:	aanspreek, toespraak
verassureer:	verseker, assureer
doodmoor:	doodmaak, vermoor
binnegou:	binnekort, gou
verkwel:	verknies, kwel
origins:	origens, andersins
bogaande:	bogenoemde, voorafgaande
verkul:	verneuk, kul

- Uitdrukkinge:

ek onthou my:	ek onthou; ek herinner my
ek is van voornemens:	ek is voornemens; ek is van plan
in pleks van:	in plaas van; in die plek van
my insienswyse:	myns insiens; volgens my sienswyse
sy gee skool:	sy hou skool; sy gee onderwys

Kontaminasie is nie 'n produktiewe vorm van woordeskatuitbreiding nie. Dit berus meesal op foutiewe assosiasies. Daarom kry ons dikwels lomp en verkeerde vorme.

f. Volksetimologie

Is eiegoed wat uit onkunde of humor deur die volk aan ons woordeskat toegevoeg is. Vergelyk die onderstaande voorbeelde, wat vergesel gaan van die herkomswoorde.

halfkoord: uit die Portugees albacora; (klankverband?)

daeraad: dorado, ook 'n Portugese woord; as gevolg van sy veelkleurigheid is dié vis seker na die daeraad vernoem, maar die klankverband met die herkomswoord is duidelik.

blaasbalk: uit blaasbalg; balg het vroeër sak beteken, maar die klankverband met balk was te sterk, ook omdat balk betekenis dra en balg vandag onbekend is.

martjielouw: die Engelse martial law klink moontlik na die naam Marietjie Louw.

oliekolonie: 'n duidelike klankaanpassing van die Franse eau de cologne.

baiesukkel: skertsende verwysing, op grond van die klankaanpassing, na die "baie sukkel" as 'n mens fiets ry; dit kom van die Engelse bicycle.

advokaatpeer: klankverband tussen die herkomswoord avocado en die woord advokaat.

eendjiebyter: skertsende benaming vir 'n broeimasjien; die klankverband met die Engelse incubator is duidelik.

bromkatjies: aangepas uit bronchitis; moontlik is daar ook klankbenoeming hier, omdat 'n mens se bors "brom" as jy dié siekte het.

Nog voorbeelde van volksetimologieë wat uit onkunde ontstaan het:

nagmerrie (nachtmare = nagspook)

kothuis (cottage)

muisneste (muizenissen = gedagtes)
dronknes (uit die Engels drunkenness)
spinnerak (spinrag: rag=weefsel)
katjiepiering (uit die Maleis katjoe-piring)

oliekolonie (eau de Cologne)
merrie-korhaan ("merry-go-round")

Voorbeelde van volksetimologieë wat uit humor ontstaan het:

halsband (husband)
kosmyniks (cosmetics)
binnevet van die bout (benefit of the doubt)

Die omvang van volksetimologie is beperk en dit speel nie 'n produktiewe rol in die uitbreiding van die woordeskat nie. Die meeste volksetimologiese vervormings kom boonop slegs in bepaalde taalkringe of geografiese gebiede voor.

g. Klanknabootsing (Onomatopee)

Hiermee word daar nuwe woorde gevorm op grond van die nabootsing in die taal van bepaalde klanke en geluide, of deur die benoeming van geluide en klanke.

Hieronder volg 'n lys voorbeelde:

- Dierename:

piet-my-vrou	toktokkie	tinktinkie	kwêvoël
kelkiewyn	janpiewiet	bokmakierie	jantatarat

- Plantname:

tjenkerientjie (waarskynlik na die geluid wat die stiele van dié plant maak as hulle teen mekaar gevryf word); klapklappie, klapper, puruutjie (hierin word die klank nageboots van die geluid wat gehoor word as jy deur die hol steel van dié plant blaas); pistoolbossie (daar vind 'n harde knal plaas as dié plant se sade oopbars); raasblaar (die droë blare van dié bos ruis in die wind); raasheide (dié plant maak 'n geraas as jy daarop trap).

- Geluide: zoem, tjoef, paf-paf, plep-plep, sjirts, wirts, woer-woer, tip-tip, die vuur knetter

- Kindertaal: woef-woef, mê, tjoek-tjoek

h. Toutologie

By hierdie verskynsel tref ons verdubbeling (of opeenstapeling) van die woorde aan wat na dieselfde saak verwys. 'n Ander benaming daarvoor is dan ook stapel vorm. Sommige toutologiese vorme is histories van oorsprong en ons voel hulle nie meer as toutologieë aan nie, soos eiers (oorspronklik was die meervoud eier, dit wil sê nog in Nederlands), kinders (oorspronklik kinder), walvis (wal is 'n ou benaming vir vis), windhond (wind is 'n ou benaming vir hond), lintwurm (vroeër was die woord lint 'n benaming vir wurm), winkelhaak (winkel was vroeër die naam vir hoek of haak), damwal (in Nederlands is dam 'n benaming vir wal).

Daar is nog 'n aantal toutologieë wat as sodanig herkenbaar is, maar reeds lank bestaan: graftombe, brokstuk, kabeltou, tortelduif, boeldoghond.

Dubbele meervoude: kinders, kalwers, eiers, hoenders, liedere.

Dubbele verkleiningsvorme: koppietjie, boordjietjie.

Waar ons dikwels toutologieë aantref, is in die prosa van byvoorbeeld onnoukeurige skrywers. Let op die herhalings in die volgende sinne:

Hy is bly en verheug om hier te wees.
Jan het gister met 'n vrou getrou.
Hy is net besig om die hele storie oor te herhaal.
Die jong loop te voet na die kraal.
Die oujongkêrel het nie 'n vrou nie.

Met behoorlike stilistiese versorging kan sulke opeenstapelings uitgeskakel word.

i. Pleonasme (woordoortolligheid)

Hiermee word verwys na onnodige herhaling van woorde in 'n sin. Anders as by toutologie waar die twee woorde se betekenis dieselfde is, kom by pleonasmes oortollige woorde voor, waar die tweede woord se betekenis reeds in die eerste opgesluit lê. Dit veroorsaak dus lomp en onnoukeurige sinne. Soos:

Daar is 'n yslike groot leeu in die dieretuin.
Ou Jan Theron is 'n skatryk mynmagnaat en miljoenêr.
Sy innerlike sielelewe is vir my 'n duister boek.
Dit is 'n noodsaaklike voorvereiste.
Sy is opreg sonder valsheid.

Nog voorbeelde:

ronde sirkel, weer herhaal, dooie lyk, te voet loop, meer deftiger,
mees deftigste, dood verongeluk, ek persoonlik self, skater van die lag,
tamaai groot, ek dink by myself, my persoonlike opinie.

j. Afkorting en verkorting

Afkorting: Gewoonlik word 'n woord of 'n groep woorde afgekort om die veelvuldige herhaling daarvan te vergemaklik. Dit kom hoofsaaklik in die skriftelike taalgebruik voor en as sodanig staan die afkorting in die plek van die langer uiting, byvoorbeeld: ens, t.a.v, ond, bv. In sommige gevalle egter neem die afgekorte vorm die plek in van die langer uiting en word daar selde meer gedink aan die oorspronklike uiting. Sulke afkortingswoorde word dan ook uitgespreek, met ander woorde dit kom ook in die gesproke taalgebruik voor. In bepaalde gevalle vorm die letters 'n afgekorte woord, waarby elke letter nog afsonderlik uitgespreek word, byvoorbeeld: F.A.K., W.N.N.R., A.C.V.V.

In ander gevalle weer word die afgekorte woord nie volgens elke letter afsonderlik uitgespreek nie, maar as 'n nuwe klankgreep of kombinasie van klankgrepe (met ander woorde soos ons gewone woorde) uitgespreek, byvoorbeeld Sanlam (nie S.A.N.L.A.M. nie); Evkom (nie E.V.K.O.M. nie); asook Unisa, Narobs, Sabra, Sasol, Yskor, Sap.
Dit noem ons AKRONIEME.

Verkorting: 'n Woord kan ook verkort word, byvoorbeeld deur slegs 'n aantal van die beginletters te behou, wat dan as 'n klankgreep uitgespreek word, soos in: prof (uit professor); bib (uit biblioteek).

k. Sintesie

Begeleidende gewaarwording soos 'n geluidsindruk wat ontvang word by die sien van 'n kleur; gewaarwording wat een deel van die liggaam ondergaan wanneer 'n liggaamsdeel geprikkel word: skreeuende kleure, soet reuk, warm kleure, prikkelende voedsel.

l. Eufemisme

Is om iets "sagter" te sê as die werklike harde waarheid:

Dood:	ontslaap, oorlede, tydelike met die ewige ver wissel
Begrawe:	ter aarde bestel, ter ruste lê, aan die aarde toevertrou
Begraafplaas:	kerkhof, dodeakker
Lyk:	as, stoflike oorskot, die ontslapene
Armoede:	behoefstig, gebrek aan geld, het dit nie breed nie
Geestelike en liggaamlike gebreke:	senusiek, sielsiek, gestremd
Dronkenskap:	iemand drink, lig die elmboog, drink tiermelk, sy tee was te sterk
Lieg en bedrieg:	kluitjies vertel, uit die duim suig, oordryf, skiet met spek, 'n bok skiet
Steel:	verduister iets, verwyder iets wederregtelik, lang vingers

m. Veroudering van woorde (Argaïsmes en taalfossiele)

'n Argaïsme is 'n woord of uitdrukking wat in so 'n mate verouder het dat dit heeltemal of feitlik heeltemal verdwyn het, dikwels omdat die saak waarna dit verwys in onbruik verval het: kwispedoor, tessie, lunsriem, vuurslag, haksel, ens.

Nog voorbeelde:

Sens (groot soort sekel)	tonteldoos (wat vuur aansteek)
Babbeljoentjie (hemelbed)	snuitter (skêr om kerspit af te knip)
Taboes (soort karwats)	remskoen (houtblok wat 'n wa se wiel laat sleep om te rem)

'n Taalfossiel is 'n verouderde vorm wat in 'n bepaalde verband geïsoleer raak en so doende in die taal bly voortleef.

Voorbeelde: 'n steen des aanstoots, byderhand, om 't ewe, dis te hope, die hoenders in wees.

n. Nuutskeppings (Neologismes):

'n Kennisontploffing, veral op tegnologiese gebied, veroorsaak dat daar voort durend 'n behoefte aan nuwe woorde en uitdrukkings ontstaan. Sodanige woorde en uitdrukkings is soms eg Afrikaans (vergelyk: vlerkswewer x "wind surfer" en die netgolf ry x "to surf the net"). Soms is hulle egter bloot vertalings van die Engels (vergelyk: elektroniese pos x "electronic mail"). Woorde wat spontaan in die volksmond ontstaan, kan ingeburger raak of gou verdwyn. Sodra neologismes algemeen-gebruiklik word, is hulle in werklikheid nie meer nuutskeppings nie.

Kyk of jy die volgende woorde as nuutskeppings herken: flaterwater (“erasing fluid”), skoepgolf (“paddle ski”), ponieformaat (van ‘n koerant), dienluik, verdoel (in rugby), witjas (“krieketskeidsregter”), kontrei-musiek (“country”).

Die koms van die rekenaar het nuwe geleenthede geskep vir die skep van nuwe woorde en rekenaar terme. Hierdie skat van nuwe woorde neem daagliks toe.

Voorbeelde is:

hardeware	sagteware	programmatuur	bedryfstelsel
webblad	toetsbord	kleurmonitor	hardeskyf
Internet	data	modem	ip-adres
Netscape	Internet browser	Internet explorer	webblad

Nuwe woorde ontstaan ook wanneer die samelewing aanpassings ondergaan waarvoor nuwe woorde dan gevind moet word. Nadat die veiligheidsituasie in Suid-Afrika verander het en aanpassings gemaak is, het woorde ontstaan soos: veiligheidshekke, alarmstelsel, diefwering.